**15 Augustus** **Skrifgedeelte: Matteus 4:23 – 5:11**
**Fokusgedeelte: Matteus 5:1, 2**

## Jy is geseënd

Jy is geseënd! Jy is salig! Jy is gelukkig! Hoe begeer ons nie almal om hierdie woorde te hoor nie! Die werklikheid is baiekeer so anders, so vol vervloeking en ongelukkigheid.

*Wel-geluk-salig*! Hierdie woord dui nie in die eerste plek op dinge buite ons wat vir ons geluk bring nie, dinge soos geld of sukses op die sportveld of ’n geskenk nie. Die probleem met die dinge is dat dit weer van ons weggevat kan word en dan is ons geluk saam met hierdie dinge weer daarmee heen.

Hierdie geluk en saligheid het te make met ’n verhouding met die lewende God. Hierdie saligsprekinge is daarom bedoel vir hulle, en net vir hulle, wat deur die geloof in Jesus Christus burgers van God se koninkryk geword het. Ja, jy is reg – dan is hierdie woorde wat salig spreek mos vir jou ook bedoel, jy wat glo in Jesus Christus.

Jesus self spreek salig. Hy wens nie geluk toe soos wat ons as mense vir mekaar toewens nie. Hy verklaar salig. Hy spreek net en dit gebeur. Jesus spreek salig uit genade; daarom begin die bergpreek met die saligsprekinge. Dit is die poort na die res van die bergpreek. Onthou net dat elke saligspreking ’n opdrag inhou. Die genade van die Here vra ’n reaksie.

Wat ’n voorreg om vandag vir u goeie nuus te bring! Daar is geluk en saligheid te vinde. Dit is te vinde deur die geloof in Jesus Christus.

*Sing: Psalm 134:1, 2, 3* *Ds. Fanie Coetzee (Potchefstroom-Noord)*